

Sondag 6 Mei

Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:28 – 3:10

Fokusgedeelte: 1 Johannes 3:9

'n Kind van God doen nie meer sonde nie

Baie mense het seker al die laaste twee verse van ons Skrifgedeelte met ontsteltenis gelees. As dit waar is dat 'n kind van God nie meer sondig nie, is ek dan wel 'n kind van God?

Tog het ons Skrifgedeelte geensins die bedoeling om twyfel te saai nie. Dit wil eerder die teendeel bereik. Dit wil die heerlike rykdom van wat dit beteken om 'n Christen te wees, duidelik maak.

Die sleutel om dit te verstaan, lê in vers 28: in die oproep om “in Hom (die Here Jesus) te bly”. Hierdie uitdrukking is een van die kernbegrippe in 1 Johannes en gryp in wese terug na die voorbeeld van die wingerdstok wat Jesus in Johannes 15 gebruik. Om in die Here te bly, beteken om (soos 'n rank aan 'n wingerdstok) met volle geloofsoorgawe net uit en vir die Here te leef.

Die implikasie hiervan is eerstens dat Christus se volle geregtigheid en heiligheid ook aan my en jou geskenk word. Daarom noem die Vader ons ook “kinders van God” (3:1) en daarom sal dit met die wederkoms duidelik word dat ons soos Jesus is (3:2).

Johannes beklemtoon dat hierdie geskenk “nou reeds” (3:2) 'n werklikheid is. Daarom doen 'n kind van God (vanuit hierdie hoek beskou) nie meer sonde nie. Deur ons verbin-tenis met Christus is alle sonde wat ons ooit doen, volledig uitgewis. “Daar is geen sonde in Hom nie” (3:5) en ons is “in Hom”!

Die tweede implikasie is die groot oproep om dan juis dit te wees wat ons in Christus is! Ons moet ons rein hou “soos Jesus rein is” (3:3). “Iemand wat in Hom (Jesus) bly, hou nie aan met sondig nie” (3:6), maar stry teen die sonde as “werke van die duiwel” (3:8).

Moet dus nie dat sonde of sondeskuld jou vandag terughou nie. Leef reg (“regverdig”) soos Jesus regverdig is en bewys liefde soos Jesus liefde bewys het.

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)